

3. Begripstoetse

1. Soorte begripstoetse

- a. Teks as inligting of storie
- b. Teks as feite, opinies en idees
- c. Teks as tabelle, grafieke of statistieke
- d. Teks met die minimum woorde
- e. Teks as kommunikasie sonder woorde

2. Hoe beantwoord ek 'n begripstoets:

- a. Vir tekste met inligting, stories, feite, opinies, idees en minimum woorde geld die volgende:
 - i. Lees die stuk 1x deur
 - ii. Lees die vrae 1x deur
 - iii. Lees die stuk WEER deur
 - iv. Lees nou WEER die vrae en ondersteep die sleutelwoorde
 - v. Onderstreep die antwoorde in jou leesstuk en nommer dit dieselfde as jou vrae
 - vi. Nou mag jy eers jou vrae antwoord
 - vii. Antwoord altyd in VOLSINNE
 - viii. Kyk hoeveel 'n vraag tel sodat jy weet hoeveel inligting jy moet gee
 - ix. Let op na vrae wat uit 2 dele bestaan, bv. "Is hy siek? Hoe weet jy dit?" Jy moet altwee vrae beantwoord anders verloor jy punte.
 - x. Die vrae word gewoonlik gevra vanaf die eerste tot die laaste paragraaf.
 - xi. Nie alle vrae se antwoorde is altyd in die leesstuk nie, soms moet jy dit uitdink.

b. Vir tekste met tabelle, grafieke, statistieke en sonder woorde, geld die volgende:

- i. Lees net die opskrifte indien daar enige is of vluglees jou stuk vir 'n oorsig.
- ii. Lees jou vrae en onderstreep jou sleutelwoorde
- iii. Vluglees nou jou inligting en ondersteep jou inligting en nommer dit dieselfde as jou vrae.
- iv. Antwoord nou jou vrae
- v. Onthou om in VOLSINNE te antwoord
- vi. Kyk hoeveel 'n vraag tel, sodat jy weet hoeveel inligting jy moet gee
- vii. Let op na vrae wat uit 2 dele bestaan, bv. "Is hy siek? Hoe weet jy dit?" Jy moet al twee vrae beantwoord anders verloor jy punte.
- viii. Die vrae word gewoonlik gevra vanaf die eerste tot die laaste paragraaf
- ix. Nie alle vrae se antwoorde is altyd in die leesstuk nie, soms moet jy dit uitdink.

c. Om 'n vraag te kan **antwoord** moet jy die vraag kan **verstaan**:

- i. Daar is verskillende vraagwoorde wat op 'n spesifieke manier beantwoord moet word.

- d. Hier volg 'n lys van vraagwoorde en watter soort antwoord by elkeen pas:

Vraagwoord	Antwoord
1. Wie	'n persoon
2. Wat	'n gebeurtenis / of 'n voorwerp (iets)
3. Hoe	'n manier / aksie of metode
4. Hoeveel	'n getal of 'n nommer
5. Hoekom	'n rede of 'n gebeurtenis
6. Waar	'n plek of posisie
7. Waarom	'n rede
8. Waarvoor	'n voorwerp (iets)
9. Waarin	'n houer of 'n plek
10. Waarheen	'n plek
11. Waarop	'n plek
12. Watter	'n gebeurtenis of iets
13. Wanneer	Tyd
14. Is, het, sal, moet	Ja/Nee
15. Enige ander werkwoord	Ja/Nee
16. Wat bedoel sy as sy ... sê	Gee 'n mening
17. Wat word bedoel met die volgende stelling ...	Mening of eie siening / opinie
18. Beskryf	Gee 'n omskrywing
19. Bewys	Gee 'n rede / motivering
20. Hoe weet jy dat	Haal 'n bewys uit die stuk aan
21. Wat dink jy ...	Gee jou eie mening / opinie
22. Wat beteken ...	Gee 'n verduideliking
23. Volgens wie het ...	'n Persoon
24. Haal die sin uit die leesstuk aan...	Soek 'n sin in die leesstuk
25. Noem ...	Noem op (gee net die antwoord)

26. Lys...	Maak 'n lys (gee net die antwoord)
27. Soek al die woorde ...	Lys net die woorde
28. Gee 'n ander woord vir ...	Sinonieme (geniet die antwoord)
29. Sê of die volgende waar of onwaar/vals is	Gee net die antwoord
30. Sê of die volgende waar of onwaar/vals is en mitiveer jou antwoord	Waar/onwaar en gee 'n rede
31. Sê of die volgende waar of onwaar/vals is en korrgeer dei onwaar/vals antwoord	Waar/onwaar en maak die verkeerde antwoord reg

- I. Vra 1-24 moet in VOLSINNE geantwoord word asook vrae 30-31.
- II. By vrae 25-29 moet NET DIE ANTWOORDE gegee word.
- III. 'n Opinie of mening is hoe jy oor iets voel
- IV. Wanneer jy 'n sin moet aanhaal moet jy die sin tussen aanhalingstekens "" skryf.